Iets Nuu(†)s

Efesiërs 4:16

Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

2 Augustus 2020

Inligting:

Gereformeerde Kerk Sasolburg. h/v Faickney en van Eckstraat

Leraar:	**Marcel Floor 0828285811**
Admin:	Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za
Webblad:	www.gksasolburg.co.za
Barmhartigheid:	Aileen Gouws – 082 333 1333
Geboue:	PJ Gouws – 079 492 8404
Koster:	Sandra vd Sandt 083 457 8904
Omgeekantoor:	Tydelike epos: admin@gksasolburg.co.za

DIENSBEURT: ***BLOK C***
Kollekte ONDER DIENS: **Barmhartigheid (diakonie rekening)**
Kollekte by DEURE: **Teologiese Studentekas**

YouTube- Erediens
Gratis kyk geleentheid

Sondae om 9:00 -10:00

WiFi-data is beskikbaar gestel sodat elkeen ons kerk se YouTube-Erediens kan kyk. Gebruik die wagwoord op jou slimfoon in die kerk se Faickney str. parkeerterrein. Respekteer asb die grendelreëls!

WiFi wagwoord: gk123456

Kontak Anton vir bystand: 082 571 3365

Bankbesonderhede:

Kerkkas: Absa, Gereformeerde Kerk Sasolburg, Rek nr 520340033 en Verw: bv Kollekte Sustentasie, ens.)
EN ALLE MAANDELIKSE LIDMAAT BYDRAES
Diakonie: Absa, Gereformeerde Kerk Diakonie, Rek nr 520340238 Verw: Kollekte Barmhartigheid

SNAPSCAN SLEGS VIR KOLLEKTES

Woordbediening

Rom. 8:26-39 (83 AV)
Kernverse: Rom. 8:28-30 (83 AV)

Tema:
Ook Covid-19 werk in 'n ware gelowige se lewe ten goede mee!

Inleiding:

1. 2020 is tot dusver vir die meeste
2. van ons nié so 'n goeie jaar nie.
   a. Die effek van Covid-19.
3. En hierdie dinge kan vir mense met tye te veel word, en jou af en moedeloos laat voel...

A.

1. Rom. 8:28: *Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*
   a. Die stelling geld nie vir alle mense nie, net vir ware gelowiges.
2. Wat bedoel God as Hy sê Hy laat alles ten goede meewerk vir dié wat volgens sy besluit geroep is?
   a. God werk volgens 'n baie spesifieke plan in elke gelowige se lewe waar Hy alle dinge in ons lewe gebruik om ons uiteindelik te verheerlik! (v. 29-30)
   b. Dit is juis in beproewings, soos Covid-19, waar ons geloof die meeste groei, en waar volharding gekweek word, sodat God ons uiteindelik kan verheerlik! (Jak. 1:2-4)
3. God se wonderlike plan in meer detail – Rom. 8:29-30: *Dié wat God lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik.*
   a. Die 5 stappe van God se plan wat Hy hier beskryf: Verkies, bestem, geroep, vrygespreek en verheerlik.
   b. Ons kan dit ook vergelyk met 'n ketting met 5 skakels.
   c. Indien jy waarlik glo, dan sal jy bewus wees van ten minste 2 van hierdie skakels in jou lewe: Jou roeping en vryspraak.
   d. As die twee skakels van jou roeping en vryspraak waar is, dan is die skakels van jou verkiesing en bestemming om soos Jesus te wees ook waar.

e. Die vyfde skakel van jou volle verheerliking gebeur eers met Jesus se wederkoms, maar dit is **so seker** dat Paulus dit in die verlede tyd stel... asof dit reeds gebeur het!
f. Al 5 skakels in die ketting is God se werk en hang van Hom af... en daarom is die ketting onbreekbaar!
    i. Daarom **weet** ons dat God alles ten goede laat meewerk – dit is doodseker!

4. Paulus se reaksie op hierdie onbreekbare ketting van God is in die vorm van 'n oorwinningslied! (v. 31-39)
5. Die inhoud van die oorwinningslied:
    a. God is aan ons kant! (v. 31)
    b. Hoe baie God aan ons kant is! (v. 32)
    c. Die implikasie dat God aan ons kant is – niemand kan 'n aanklag of regsgronde teen ons inbring nie. (v. 33)
    d. Nog méér: Die Heilige Gees en Jesus pleit vir ons! (26-27, 34)
    e. 'n Verdere gevolgtrekking oor die onbreekbare ketting: Niks kan ons van God se liefde in Jesus skei nie, nie eers die dood nie! (v. 35-39).
6. Wat sê God dus vir ons as Hy in ons fokusverse sê *ons weet alles werk ten goede mee vir die wat volgens sy besluit geroep is*?
    a. Niks kan veroorsaak dat God nie sy wonderlike plan met ons kan verwesenlik nie.
    b. En dit maak ons *meer as oorwinnaars*! (v. 37)

Slot:

1. Ons het aan die begin gesê: 2020 is tot dusver vir die meeste van ons nié so 'n goeie jaar nie...
2. Maar nou het ons gesien: Vir alle ware gelowiges is dit eintlik steeds 'n goeie jaar, want God gaan ook Covid-19 laat meewerk om ons te verheerlik!
3. En daarom kan ons saam met Paulus die oorwinningslied sing!

Jy kan vir die volgende bid en hulle ondersteun:

Johana Grové het geval en haar heup gebreek	Frieda Ligthelm se gesondheid	Ds Dirk Kruger van Vaalpark en sy vrou Elmarie albei positief vir Covid-19 getoets	Jeanne Muller het steeds las van haar nek	Willie Venter, (vorige lidmaat van ons gemeente)se geliefdes na sy afsterwe.

VERJAARSDAE

Verjaar				Landlyn	Selfoon
08/06	Jeanne	Muller	Belydend		0827731993
08/07	Tiaan	Van Der Westhuizen	Doop		0795435627 (Annatjie)

Ons gee uitdrukking aan ons liefde vir ander deur die "mekaar gebooie" te gehoorsaam. Dit word mooi uitgedruk in die volgende Skrifgedeeltes: Handelinge 2:42-47 en 4:32-37
Ons lys so 5 elke week.

11. Bedien mekaar
12. Wees vriendelik en ontfermend teenoor mekaar;
13. Spreek tot mekaar;
14. Onderwerp aan mekaar;
15. Spoor mekaar aan



KINDERKERK

Die 10de Gebod:
Galasiërs5:16,17:
Uit die Bybel vir Almal

Ek sê vir julle: "Die Heilige Gees Moet julle lewens regeer. Dan Sal julle nie die slegte dinge doen Wat mense graag doen nie. Want Die slegte dinge binne-in julle Harte wil altyd iets anders hê As wat die Heilige Gees wil hê. En die Heilige Gees wil iets anders Hê as wat die slegte dinge in julle Harte wil hê. Hulle is altyd teen Mekaar. Daarom kan julle nie die Dinge doen wat julle self wil Doen nie.